NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

5 Mei 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Paastyd 2. **Handelinge 9 : 1-20.** *God se omdraai-wonderwerk.*
2. **Kleuterkerk** (3-6jr) in die Koffiekroeg en **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die sysaal tydens die diens.
3. **Kategese:** Gr 3-4 (Kamer 1), Gr 5–6 (Kamer 2), Gr 7–9 (Konsistorie), Gr 10-11 (Afdak) nadat hulle die erediens verlaat het.
4. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die diens by die kombuistoonbank aan.
5. **Kerkraadsvergadering** om 18h00 in die konsistorie.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

12 Mei	Paastyd 3. Wintersorg 1 - "*Hoodies*" vir Abraham Kriel. Omgeegroepe
19 Mei	Paastyd 4. Wintersorg 2 – Help die Kind kospakkies.
26 Mei	Paastyd 5. Wintersorg 3 – Truie vir bejaardes en kinders. Omgeegroepe
2 Jun	Paastyd 6. Wintersorg 4 – Komberse vir almal.
9 Jun	Pinksterfees. Nagmaal. Wintersorg 5 – Tutela Koskas. Omgeegroepe, Kleuterkerk koekverkoping

VERJAARSDAGWENSE

05/05 Lorraine Mollentze
06/05 Ame Koortz
07/05 Chris Naude, Robert Verhoog
08/05 Marianna Dürr, Louis Strauss, Enzo Wolmarans
09/05 Henriëtte Botha, Fritz Theron
10/05 George le Roux, Dihan van der Merwe, Anton Walters
11/05 Suzanné de Kock, Bianca van den Berg, Heleen van Heerden

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word per SMS - 082 570 4309.

GEMEENTE KUIER … PROE-PROE – 7 JUNIE 2019

Vrydagaand 7 Junie - 18:30 is weer kuiertyd op 'n anderse manier - met baie goeie kos en wyn. Mense wat lief is vir kosmaak bring **dié één of meer geregte** - 'n slaai, voor-, hoof- of nagereg - waarvoor hulle die komplimente kry … *net een bak of skottel of pan.* Die gereg/te moet verkieslik minstens **15 proe bakkies van 125 ml** kan skep. Dit is nie 'n kompetisie nie maar 'n groot kuierfees. Ons **nuwe lidmate** is natuurlik welkom om op dié manier deel te word! Meld sommer so gou as moontlik aan by Shani in die kerkkantoor of skryf naam en gereg **vandag reeds** op vorm in portaal of by die tee. **Koeponboekies** (10 koepons @ R50) vir hierdie proe-ervaring van die verskillende geregte sal van 26 Mei te koop wees. Nooi die vriende en kom kuier lekker saam!

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Casper en Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Annie Oosthuizen** (067 031 1645) herstel steeds van 'n operasie en verskeie terugslae
   - **Annakie van Zyl** (084 043 3069) word in Wilgeheuwel behandel.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) herstel na intensiewe terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R50** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds sodat al meer Bybels versprei kan word maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

DIE KERKJAAR - PAASTYD

Pase is die hoogtepunt van die kerklike jaar wanneer ons die opstanding van Jesus Christus uit die dood herdenk. Ons gryp hierdie tyd aan om ons opnuut te identifiseer met die drama van nuwe lewe uit die dood. So maak ons gereed in die Paastyd vir die uitstorting van die Heilige Gees. Die sentrale simbool met Paastyd is die tyd van **lig wat deurbreek.** Die opkomende son herinner ons elke dag aan Christus se oorwinning oor die dood. **Kleur** speel 'n baie belangrike rol in Paastyd. **Wit, goud en geel** is die simboliese kleure van lewe, oorwinning en vreugde.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 5 Mei – Handelinge 9 : 1 - 19

Stil word en aanbidding: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Watter gedagtes kom by jou op as jy die woord "transformasie" hoor? Lees Openbaring 5: 11-14 as 'n gebed. Wat wil jy saam met die hele skepping vir God sê?

Woord: Die boek Handelinge is eintlik die verhaal van die vernuwende, lewens veranderende en soms ontwrigtende werksaamheid van die Heilige Gees. Die opvallende en verrassende van die boek Handelinge is dat dit berig oor die volgelinge van Jesus, wat selde of ooit gaan na waar hulleself graag sou wou gaan en selde mense tegemoetgaan wat hulle uit hulleself en volgens hulle sisteem van voorkeure mee sou wou kontak maak. Die Gees beur teen en dring deur bestaande mensgemaakte grense en vooroordele heen. Die Gees lei die Jesus-volgelinge na diegene wat hulle eerder sou wou vermy. Lees nou teen hierdie agtergrond die "*roepingsverhaal*" van Saulus in **Handelinge 9 : 1-19** 'n keer of twee aandagtig deur.

Gesprek

1. Iemand het hierdie gebeure in Saulus se lewe as "'n ontmoeting met die Genadige" beskryf. Onderweg na Damaskus het Saulus vir die eerste keer in sy lewe geleer wat die evangelie van genade behels. Hierdie ontmoeting met die genadige God het sy lewe onherroeplik verander. Vir die res van sy lewe sou hierdie genade van God Saulus telkemale oorweldig en die omvang en grootsheid daarvan hom tot dankbare lof en aanbidding beweeg. Bespreek onder mekaar die grootsheid van God se onbeskryflike genade in julle lewe en of dit steeds tot vandag toe 'n blywende indruk op julle as Jesus-volgelinge maak.

2. "Skielik" (Lukas gebruik die woord "egeneto") het 'n lig uit die hemel hom omstraal - breek God in die alledaagse verloop van gebeure in. Gesels oor soortgelyke "skielike" ervarings wat julle al gehad het en die impak van die Here se ingrepe op julle lewe.

3. Waaraan sien ons dat iemand se lewe regtig getransformeer is? Saulus is getransformeer van iemand wat Jesus vervolg het, na iemand wat Jesus voluit gevolg het. Wat sal gebeur as ons Jesus regtig voluit begin volg? Is dit iets wat ons regtig voor kans sien?

4. Nie alle bekerings is so dramaties soos Saulus se bekering nie. Tog het ons elkeen ons eie storie. Deel jou storie met die groep.

Doen dinge : Almal van ons het "*'n Ananias*" in ons lewe nodig. Iemand wat ons aanmoedig en ondersteun. Wie is dit vir jou? En vir wie kan jy Ananias gaan wees? Skryf die name neer van almal wat in jou navolging van Jesus 'n invloed gehad het. Skryf nou die name neer van die persone vir wie jy jouself moet gee sodat hulle ook in hul navolging van Jesus kan groei.

Afsluiting: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "*Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.*" En bid dat God jou sal bly verras en verander!

KATEGESEPROGRAM



12 Mei	Handelinge 9 : 36-43	Lesdag 5
19 Mei	Handelinge 11 : 1-18	Jeugkerk
26 Mei	Handelinge 16 : 9-15	Lesdag 7
2 Jun	Psalm 97	Lesdag 8

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.

SNUFFELGIDS

1. **Zeek's Artisan Food:** Ons beskik oor voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties en veel meer. Ons berei ook fees-skinkborde met 'n verskeidenheid lekkernye. Ons verskaf ook feesbrode vir spesiale geleenthede gebak met GMO vrye meel. Skakel Siegfried – 082 448 9534.
2. **Sunbird Aloes groothandel kwekery** (Vinelaan 336, Ferndale, Randburg) hou 'n Moedersdag viering op Saterdag 11 Mei vanaf 9h00 tot 16h00. Maak seker jy BEDERF jou Mamma met 'n unieke geskenkie wat sy by ons kan uitkies en 'n spesiale koppie koffie en koek in ons koffiewinkel. RSVP asseblief by https://whoozin.com/sunbirdaloesmothersday2019.
3. **Moedeloos met gesondheid?** Ozone behandeling. Fat Freezing. Kontak 066 232 0942 of www.mwellness.co.za.
4. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
5. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
6. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
7. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
8. **Te huur:** Moderne ruim tuin woonstel vir R6 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
9. **Beskikbaar:** Vakansiehuis in Marlothpark (grens aan die Krugerwildtuin) oor naweke of langer. Kontak Inez Steyn (082 684 4339) vir navrae.
10. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.
11. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
12. **Gesoek:** 1 Slaapkamer tuin woonstel met veilige parkering. Skakel Hugo - 082 407 2181.